education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# PROVINSIALE ASSESSERING

## GRAAD 7

## EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE
## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 100**

**TYD: 1½ uur**

**Naam:** ______________________________________________

**Skool:** ______________________________________________

**Distrik:** _____________________________________________

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees ALLE instruksies van elke vraag deeglik deur voordat u die vraag beantwoord.
2. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A, B, C en D.
3. Antwoord ALLE vrae in AFDELING A, B, C en D.
4. Jy mag n sakrekenaar tydens berekeninge gebruik.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers.. bv. 1.1.6 B.

1.1.1 Watter van die volgende opsies is 'n basiese behoefte?

A sport fasiliteite
B gesondheidsorg
C KFC
D biblioteek (1)

1.1.2 'n Manier om mededingers te bereik deur uitstekende diens aan kliënte te lewer, is 'n voorbeeld van:

A advertensie
B 'n besigheidslogo
C 'n bemarkingstrategie
D beplanning

(1)

1.1.3 Die mense aan wie ‘n besigheid beplan om sy produkte te verkoop.

A teikenmark
B skole
C besigheidseienaars
D vervaardigers (1)

1.1.4 Een van die beginsels van advertensie is …

A begeerte.
B radio.
C bemarking.
D vasberadenheid. (1)

1.1.5 'n Besigheid wat as 'n tussenganger tussen produsente en verbruikers van goedere optree, is 'n …

A vervaardigingsonderneming.
B groothandelaar.
C kleinhandelaar.
D produksie-onderneming. (1)

**[5]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1.2

1.2 Pas die beskrywing in KOLOM B wat die beste by die woord/e in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommers neer, bv. 1.2.6 G.

| KOLOM A | | KOLOM B | | ANTWOORD |
|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Spaar | **A** | Hulpmiddels wat deur besighede gebruik word om hul produk of diens te bevorder | **1.2.1** |
| 1.2.2 | Teikenmark | **B** | Skakel insette om in uitsette | **1.2.2** |
| 1.2.3 | Vervaardigings-onderneming | **C** | Versameling en ontleding van inligting oor verbruikers se voorkeure vir spesifieke produkte | **1.2.3** |
| 1.2.4 | Advertensie | **D** | Onbeperkte behoeftes, beperkte hulpbronne | **1.2.4** |
| 1.2.5 | Marknavorsing | **E** | Geld wat nie gebruik word nie, maar weggebêre word vir toekomstige gebruik | **1.2.5** |
| | | **F** | 'n Spesifieke groep mense met sekere eienskappe aan wie 'n entrepreneur poog om sy produk of diens te verkoop. | |

**[5]**

## VRAAG 1.3

Dui aan of die volgende stellings **WAAR of ONWAAR** is. Skryf slegs **WAAR** of **ONWAAR** langs die nommer in die spasie voorsien bv. 1.3.6 Waar

| VRAAG | BESKRYWING | WAAR OF ONWAAR |
|---|---|---|
| 1.3.1 | 'n SWOT-analise help 'n entrepreneur om te bepaal of hul nuwe besigheidsidee sal werk | |
| 1.3.2 | Doelwitte gee werkers 'n gevoel van doel en rigting | |
| 1.3.3 | Begeertes is dinge wat nie nodig is om te oorleef nie bv. TV/Selfoon | |
| 1.3.4 | ‘n Produk is een van die beginsels van advertensies | |
| 1.3.5 | Een van die funksies van spaar is om geld te spandeer | |

**[5]**

**VRAAG 1.4**

Voltooi die volgende sinne met die woord(e) wat in die woordbank voorsien is.

| |
|---|
| advertensie; behoeftes; wins; belastings; kommunikasie;<br>produksie; doelwitstelling |

1.4.1 ______________________ is dinge waarsonder mense nie kan lewe nie.

1.4.2 Een van die kenmerke van 'n formele besigheid is om ____________ te betaal.

1.4.3 ____________________ is belangrik in beplanning vir die sukses van 'n besigheid.

1.4.4 Advertensies is 'n manier van _____________________ met jou potensiële kliënte.

1.4.5 Die hoofdoel van 'n besigheid is om ______________________________ te maak.

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

## AFDELING B: DIE EKONOMIE

### VRAAG 2: PRODUKSIE PROSES

2.1 Definieer die volgende konsepte: **[6]**

2.1.1 Produksie:

________________________________________

________________________________________ (2)

2.1.2 Insette:

________________________________________

________________________________________ (2)

2.1.3 Uitsette:

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

2.2 Noem TWEE van Suid-Afrika se belangrikste minerale hulpbronne. **[2]**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

2.3 Noem en verduidelik kortliks die VIER produksiefaktore. **[12]**

2.3.1

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (3)

2.3.2

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (3)

Kopiereg voorbehou 

2.3.3

___

___

___

___ (3)

2.3.4

___

___

___

___ (3)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

**AFDELING C: FINANSIëLE GELETTERDHEID**

**VRAAG 3**

**VRAAG 3.1**

Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| |
|---|
| Ingrid Sekhukhune wil 'n spaarrekening by een van die groot banke in Suid-Afrika oopmaak. Sy is 19 jaar oud en het 'n Suid-Afrikaanse ID-boek met ‘n strepieskode. Sy werk soms as ‘n kelnerin in 'n nabygeleë restaurant. Ingrid wil 'n spaarrekening oopmaak sodat haar werkgewer haar loon in haar rekening kan inbetaal. |

3.1.1 Kwalifiseer Ingrid om 'n spaarrekening te open? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

________________________________________

________________________________________

3.1.2 Adviseer Ingrid oor watter DRIE dokumente nodig is om 'n spaarrekening by 'n bank oop te maak. (6)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

3.1.3 As Ingrid R300 in 'n spaarrekening het en die bank bied haar 'n vaste rentekoers van 10% per maand aan, hoeveel rente sal sy in 'n maand verdien? (4)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

3.1.4 Hoekom vereis banke ‘n bewys van adres wanneer mense spaarrekeninge oopmaak? (2)

3.2 Bespreek DRIE rolle van banke. (6)

**TOTAAL AFDELING C: 20**

## AFDELING D: ENTREPRENEURSKAP

## VRAAG 4: DIE ENTREPRENEUR

4.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Siya Mbali het drie dogters. Haar man is al twee jaar werkloos. Siya Mbali het 'n jaar gelede haar werk verloor. Sy en haar man het albei hard na werk gesoek. Siya Mbali was nuuskierig om te sien of sy haar eie naaldwerkonderneming kon begin omdat sy geen werk kon kry nie. Sy is 'n bekwame naaldwerkster. Sy is 'n verantwoordelike, vindingryke en kreatiewe denker. Sy het daaraan gedink om goeie geleenthede te soek.

Ouers moet sowat 6 km ry na die naaste klerewinkel wat skooldrag verkoop. Sy het die plaaslike skole genader om vir hulle naaldwerk te doen en hul skooldrag te maak. Sy het ’n klerebank op die skoolterrein begin. Al die plaaslike skole het ingestem om besigheid met haar te doen. Siya het al die geld wat sy verdien het in haar spaarrekening gebruik om 'n naaldwerkmasjien, skêr, maatband, garing en die materiaal te koop.

Sy het 'n visie van sukses gehad en die vertroue dat sy in haar nuwe avontuur sal slaag. Siya Mbali het die energie om hard en vir lang ure te werk. Sy geniet dit om tussen mense te wees en wil graag ander dien. Sy is bewus daarvan dat sy met die bestaande klerewinkel gaan moet meeding.

In Maart 2022 moes alle klereondernemings sluit weens die Coronavirus-pandemie. Die regering het opdrag gegee om maskers in die openbaar te dra. Siya Mbali het besluit om drielaag maskers te maak en haar vriende en familie het dit uitgetoets. Hulle het almal die nuwe drie-laag maskers op Facebook geadverteer. Die toets van hierdie nuwe idee het baie goeie vrugte afgewerp. Sy het krities oor die uitdaging gedink. Kort voor lank het almal oor haar maskers gepraat en in groot hoeveelhede bestel.

4.1.1 Definieer die term *entrepreneur* in jou eie woorde. (2)

_________________________________________________________________

_________________________________________________________________

4.1.2 Vind EEN rede uit die gevallestudie waarom 'n persoon sou besluit om 'n entrepreneur te word. (2)

_________________________________________________________________

_________________________________________________________________

4.1.3 Wat is die kenmerke van 'n entrepreneur? Noem enige VIER voorbeelde uit die gevallestudie. **[8]**

______________________________________________ (2)

______________________________________________

______________________________________________ (2)

______________________________________________

______________________________________________ (2)

______________________________________________

______________________________________________ (2)

______________________________________________

4.1.4 'n Entrepreneur moet oor sekere vaardighede beskik. Noem DRIE vaardighede om 'n entrepreneur te wees. **[6]**

______________________________________________ (2)

______________________________________________

______________________________________________ (2)

______________________________________________

______________________________________________ (2)

______________________________________________

**[18]**

## VRAAG 4.2: FORMELE EN INFORMELE BESIGHEDE

4.2.1 Dui die tipe besighede aan deur 'n REGMERKIE in die korrekte kolom te maak.

| TIPE BESIGHEID | | | |
|---|---|---|---|
| **Besigheids-aktiwiteit** | **Handels-besigheid** | **Vervaardigings-besigheid** | **Dienste-besigheid** |
| Beskuitjie fabriek | | | |
| Gimnasium | | | |
| Restaurant | | | |
| Kruideniersware-winkel | | | |

**[4]**

## VRAAG 4.3: ADVERTENSIE

4.3 Dui aan watter advertensiemedium die mees geskikste en mees koste-effektiewe manier vir elk van die volgende produkte of dienste sal wees.

| |
|---|
| Landbou weekblad; Televisie; Huiseienaartydskrif; Gesinstydskrif; |
| SMS; Radio; Brosjures van reisagentskappe; Motortydskrif; |
| Mansgesondheidstydskrif; Huis-en-Tuintydskrif ; Vrouetydskrif; |
| Plaaslike koerant; Pamflette; Kartydskrif; “WEG” tydskrif; |
| Rapport Sondagkoerant; Advertensiebord |

4.3.1 Jou skool se koorfees

______________________________ (1)

4.3.2 'n Nuwe ete by Wimpy

______________________________ (1)

4.3.3 Ontwerpersmeubels

______________________________ (1)

4.3.4 FNB-bankdienste

______________________________ (1)

4.3.5 'n Nuwe vakansie-oord

(1)

______________________________________________________

**[5]**

**VRAAG 4.4: SWOT ANALISE**

4.4 Lees die paragraaf hieronder en stel die SWOT-analise van die besigheid op.

**"SIPHOKAZI" ONTWERP**

Siphokazi is 'n entoesiastiese, jong swemklere-ontwerper wat in Rustenburg geleë is. Sy verkoop bekostigbare swemklere. Sy het ook 'n graad in besigheidsbestuur.

Die vraag na haar produkte het so toegeneem dat sy nuwe takke in Mahikeng en Klerksdorp oopgemaak het. Go-Simply Boutique, wat ontwerperswemklere in Vryburg verkoop het, het albei hulle takke gesluit. Die munisipaliteit het fase 2-beurtkrag in die hele provinsie ingestel en die gereelde verhoging in die brandstofprys het die vervoerkoste tussen takke laat styg.

Siphokazi het Sam, 'n nuwe kassier met geen ervaring nie, in diens geneem. Sam behandel die kliënte onprofessioneel.

| **SWOT ANALISE VAN 'n "SIPHOKAZI" ONTWERP** | |
|---|---|
| **In die besigheid** | |
| **Sterkpunte** | **Swakpunte** |
| 4.4.1 | 4.4.2 |
| **Buite die besigheid** | |
| **Geleenthede** | **Bedreigings** |
| 4.4.3 | 4.4.4 |

(4 x 2) **[8]**

**VRAAG 4.5 EENVOUDIGE KOSTE BEREKENING**

4.5.1 Bereken die totale koste om 'n T-hemp per week te maak; met die inligting hieronder:

| VERANDERLIKE KOSTE | R | VASTE KOSTE | R |
|---|---|---|---|
| T-hemde | R15,00 elk | Huur van werkskamer | R8,00 per week |
| Oordragontwerp | R12,50 elk | Elektrisiteit en water | R7,00 per week |
| Dekoratiewe items | R200 per T-Hemp | Yster | R80,00 |
| Gom per buis | R13,00 vir 10 T-Hemde | Strykplank | R50,00 |
| Plastiese sakke vir verpakking | R0,20 per sak | | |
| **VERANDERLIKE KOSTE** | | **VASTE KOSTE** | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

**[5]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou